Sentrum vir
GRONDWETLIKE
REGTE

DIE SGR VERWELKOM BESLISSING DEUR HOË HOF OOR AL-BASHIR-APPÈLAANSOEK
Adv Johan Kruger, Direkteur: Sentrum vir Grondwetlike Regte

Die Sentrum vir Grondwetlike Regte (die SGR) verwelkom 'n beslissing deur die Noord-Gautengse Hoë Hof om nie die Staat se aansoek om verlof tot appèl toe te staan met betrekking tot 'n vroeër beslissing deur 'n volbank in die Al-Bashir-saak nie.

'n Volbank van die Hoë Hof het verklaar dat dit nie van mening is dat die appèlaansoek 'n redelike vooruitsig sou hê om te slaag nie. Gevolglik, en kragtens die bepalings van die *Superior Courts Act*, kan die aansoek om verlof tot appèl nie suksesvol wees nie. Die Hof het gevolglik beklemtoon dat President Al-Bashir, om die redes soos in sy vroeër beslissing in Julie 2015 in hierdie verband uiteengesit is, as Staatshoof nie immuniteit teen inhegtenisname of vervolging ingevolge internasionale gewoontereg het nie - soos wat verkeerdelik en onsuksesvol deur die regering aangevoer is nie.

Suid-Afrika is grondwetlik gebind deur die bepalings van die *Rome Statute of the International Criminal Court Act 27 of 2002* (die ICC-wet), wat die land se verpligtinge ten opsigte van die Internasionale Reg kragtens die Roomse Statuut van die Internasionale Strafhof (die Roomse Statuut) inkorporeer het. In hierdie verband het die Hof beklemtoon dat "*dit duidelik is dat die bepalings van die [ICC-wet] die reëls van die internasionale gewoonte reg, wat deur die Immunities Act ingebring is, oorheers, en daaraan ondergeskik is...Dit [die ICC-wet] sluit duidelik Staatshoofde van immuniteit van jurisdiksie en van vervolging uit*." Daarbenewens het die Hof, deur na die presedent te verwys wat deur die Konstitusionele Hof daargestel is, daarop gewys dat die Suid-Afrikaanse regering verbind word deur die beginsel van die wetgewing wat internasionale verpligtinge in werking stel - in hierdie geval die ICC-wet - en aan sy beginsels *moet* uitvoering gee.

Die Staat mag hom nou tot die Appèlhof en die Konstitusionele Hof wend, wat weens die dieselfde redes wat deur die Hoë Hof aangevoer is, waarskynlik nie suksesvol sal wees nie. Selfs indien die Staat hom suksesvol tot een van die Howe wend, is dit moeilik om te sien hoe enige van hierdie hoër howe tot 'n ander besluit sal kom. Dit is miskien tyd vir die regering om toe te gee dat hy onwettig opgetree het.

Daarbenewens blyk dit of die Internasionale Strafhof met hierdie idee saamstem. In 'n onlangse bevel wat deur die Internasionale Strafhof uitgereik is, is verklaar dat al die kwessies wat deur Suid-Afrika geopper is - dieselfde feite en redes wat voor die Hoë Hof aangevoer is - reeds deur die Internasionale Strafhof oor beslis is en dat daar "*geen dubbelsinnigheid in die reg bestaan nie*". Die Suid-Afrikaanse regering het 'n regsplig gehad om aan die Internasionale Strafhof se versoek om samewerking te voldoen.

Met betrekking tot die bevel wat deur die Internasionale Strafhof uitgereik is, moet 'n mens daarop let dat die Internasionale Strafhof kennis geneem het van die beslissing en bevele van die Noord-Gautengse Hoë Hof, maar ook van die Suid-Afrikaanse regering se versuim om aan die Hoë Hof se bevel te voldoen. Gevolglik het die Internasionale Strafhof aangevoer

dat hy van mening is dat die regering se versuim om aan ‘n versoek te voldoen om met die Internasionale Strafhof saam te werk, die instelling van verrigtinge ingevolge artikel 87(7) van die Roomse Statuur regverdig. Laasgenoemde artikel bepaal dat waar ‘n Staat, in teenstelling met die bepalings van die Roomse Statuut, versuim om aan ‘n versoek van die Internasionale Strafhof te voldoen om met die Hof saam te werk, die Internasionale Strafhof dienooreenkomstig ‘n bevinding kan maak en die aangeleentheid na die Vergadering van Staatspartye kan verwys, of, waar die Verenigde Nasies (VN) se Veiligheidsraad die aangeleentheid na die Internasionale Strafhof verwys het, na die VN se Veiligheidsraad. Gevolglik het die Internasionale Strafhof ‘n bevel uitgereik wat eis dat die Suid-Afrikaanse regering teen 5 Oktober 2015 ‘n voorlegging moet indien voordat die Hof ‘n bevinding maak oor of die aangeleentheid na die VN se Veiligheidsraad verwys moet word (aangesien die Soedan-geval deur die VN se Sekuriteitsraad na die Internasionale Strafhof verwys is). Gevolglik sal die Suid-Afrikaanse regering dalk binnekort sy optrede aan die VN se Sekuriteitsraad moet verduidelik.

Ironies genoeg het die Noord-Gautengse Hoë Hof dalk tot die verkeerde gevolgtrekking gekom. Sy bewering dat daar nie meer ‘n bestaande omstredenheid tussen die partye bestaan nie (aangesien President Al-Bashir strydig met die Hoë Hof se bevel toegelaat is om Suid-Afrika te verlaat) kon ietwat optimisties gewees het. Suid-Afrika bied in die Desember die tweede spitsberaad van die Forum oor Samewerking tussen China en Afrika aan - en Soedan is uitgenooi.